# NUWE MENSE!

Galasiërs 6:15

WAAROM GROOT LETTERS? (:11)

Ons kan uit vers 11 aflei dat Paulus van 'n **sekretaris gebruik** gemaak het om die brief aan die Galasiërs te skryf: (lees – "See with what large letters I am writing to you with my own hand."). Waarom sou hy na sy *"groot letters"* verwys?

**Verskillende moontlikhede:** (1) dat sy hande as tentmaker *vol eelte* was en hy nie maklik kon skryf nie. (2) Dalk het hy *permanente skade* aan sy hande opgedoen toe hy moontlik in Perga gekruisig is. (3) Hy het miskien *swak oë* gehad. (4) Mees waarskynlik was dit om <u>die belangrikheid</u> van wat volg te beklemtoon – vergelyk ons gebruik van hoofletters of vetdruk ("bold") vir dieselfde rede.

**Wat is so belangrik?**

Kortliks kom dit daarop neer dat 'n mens se **redding net genade** is. "You are saved by grace." Ons kan en hoef dit nie te probeer *verdien nie*. *GOD gee* die verlossing aan almal wat in Jesus *glo* en maak van ons *nuwe mense*. (Dis terloops ook die boodskap v d doop.) "God gives salvation to all who believe in Christ and He makes them new".

UITERLIKE WORD OORBEKLEMTOON

Paulus het verneem dat dwaalleraars ná hom na die Galasiërs toe gekom het en hulle wys gemaak het dat hulle ook soos die Jode **besny** moes word en die **Joodse feeskalender** stiptelik moes nakom (4:10). Hulle moes dus ook iets tot hul redding **bydra**. Blote geloof in Jesus was volgens hulle nie genoeg nie. "According to these false teachers, faith in Christ, alone, was not sufficient to get saved".

Hulle het die evangelie van Christus **verdraai**. Hulle het **verwarring** in die gemeente veroorsaak (1:7): Word 'n mens nou uit genade gered, of nie?

Paulus neem hulle dit **verskriklik kwalik**. Luister hoe omskryf Die Boodskap 5:11,12 *Dit lyk vir my diegene wat sê Christene moet besny word, het julle kop behoorlik deurmekaar gemaak. Ek wens daardie spul se mes gly 'n slag sodat hulle hulleself ontman. Dan het hulle iets anders om hulle oor te bekommer.*

Waarom is hy so ontsteld? Want: Elke **plus** wat ons byvoeg by Christus se offer om gered te kan word, is in werklikheid 'n **minus** by die waarde daarvan. Daarmee sê ons sy offer was **onvoldoende**. "When we want to add something to Christ's sacrifice, it means that we think it was not good enough!"

Nee, geliefdes, soos by die **nagmaal** sê die Here vandag ook deur die doop vir ons dat Sy Seun se bloed gevloei het tot 'n <u>volkome</u> versoening vir <u>al</u> ons sondes. Om nog enige goeie werke van ons kant daarby te wil voeg, sal so onsinnig wees soos om **OMO** of so iets in die doopwater te gooi! (stel jou voor…!)

INNERLIKE IS DIE BELANGRIKSTE
Nee, skryf Paulus met groot vet letters in ons teksvers, *Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is.* Hy verwys natuurlik na die **weergeboorte**. **Die vraag** is nie of jy besny is of nie, gedoop of nie, lidmaat is of nie, *goeie mens* is of nie, maar: **Is jy weer gebore**? "Are you born again?" Glo jy in Jesus Christus as jou Verlosser en Here?
DAN is jy lid van die ware Israel – nie deur jou te laat besny nie; DAN is jy lid van die ware kerk, nie omdat jy gedoop is nie.
Beteken dit dat die **uiterlike** nou van **geen waarde en betekenis** is nie? Dit is ook nie wat Paulus leer nie. Nuwe mense sal soos nuwe mense **optree**. "New people will behave like new people." *Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot <u>dade</u> oorgaan.* (5:6)

NUWE INNERLIKE VERANDER UITERLIKE
Paulus herinner sy lesers in hoofstuk1 aan sy **vroeëre lewe**: *Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei.* (:13) God het hom egter 'n **nuwe mens** gemaak en nou getuig hy: ... *deur die kruis (van Jesus Christus) is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld.* (:14)
Hy bedoel dat die wêreld en al sy sondige begeertes **geen houvas** meer op sy lewe het nie. Die **mag** wat die sonde oor sy lewe gehad het, is **gebreek.** (Die Boodskap). Daarom het sy lewe verander. **Natuurlik** sal so iemand se lewe **anders** daar uitsien as een wie se lewe nog in die mag van die sonde is!
Luister hoe stel hy dit in Romeine 6: *Christus het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. <u>Julle moet dus altyd onthou</u> dat ook julle vir die sonde dood is maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.* (:10,11)
Geliefdes, ons wat in die Here Jesus glo, moet ons <u>gedurig daaraan herinner</u>: *deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld.* Of soos hy in 2:20 getuig: *ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.* "I have been crucified with Christ; it is no longer I who live, but Christ who lives in me…" … <u>Feel Him – He is here</u>!! (nie: "Feel IT, IT is here" nie)

Dit is in die **lig hiervan** dat hy sê (:9,10): *Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, (Let us not grow weary in welldoing) want as ons*

*nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.*
Nuwe mense steek nie maar net hul **hande** in die *lug op* om te sê “ek het die Here aangeneem” nie,  maar steek dit ook *uit die mou* in diens aan ander, steek dit uit *na ander* om te help waar hulle kan.

Gelowiges doen die goeie, nie omdat hulle moet of omdat hulle God ‘n guns wil bewys nie, maar omdat hulle kan – omdat God, in Christus en deur die Gees, dit vir hulle moontlik en aanloklik maak om dit te doen. Omdat hulle dit nie kan help nie. Omdat God hulle verlei. – Gerrit Brand, Kerkbode 21/6/10

DRA MEKAAR SE LASTE
So word ons bv in vers 2 as nuwe mense opgeroep **om mekaar se laste te dra**. “Bear one another’s burdens, and so fulfil the law of Christ.”

“Wanneer ek hierdie opdrag hoor,” vertel **Chris Jones**, “dink ek altyd terug na my kinderdae toe ek ’n swaar emmer water vir my pa moes aandra.  Ek het skeef-skeef aangesukkel.  Die emmer het kort-kort teen my knie gekap en ek het water gemors.  Ek was ongebalanseerd.  Ek het soms van die water uitgegooi om die emmer ligter te maak, maar dit het ook nie juis gehelp nie.  Al wat regtig gehelp het, was om nog ’n emmer water op te tel en die twee emmers op een slag te dra.  Op die manier was jy meer gebalanseerd, het jy makliker geloop en niks water gemors nie.”

“Hoe dikwels dra ek en jy ons nie dood aan ons eie laste nie? Loop ons nie soms skeef onder ons kruis, ons verdriet, ons teleurstellings en krisisse nie? En dit maak dat ons soms balans verloor. Hoe kan ons hierdie laste ligter maak of balanseer? Deur die laste van ons vriende of die mense rondom ons te dra. Deur iets vir iemand rondom jou te beteken. As jou kruis jou begin skeef trek, tel jou medemens se kruis ook op en so sal jy perspektief kry en verligting ervaar. Liefdevolle omgee vir die medemens bring balans en perspektief in ’n mens se lewe.”

Ons lees op verskillende plekke in die Nuwe Testament dat die **vroeë Christene presies** dit gedoen het. (bv Hand 2:44-45; 4:32-35).
DIT is wat **kerkwees** beteken. Die kerk is nie die gebou of die ampte nie, maar ‘*n beweging van gewone mense wat vir God, mekaar en ander mense van harte liefhet* (Stephan Joubert). Watter **wonderlike voorreg** om deel te mag wees van so ‘n beweging!

SAMEVATTING
Geliefdes, mag hierdie boodskap ook in **groot letters** op ons harte getatoeëer  staan: GOD HET ONS UIT GENADE GERED OM AS NUWE MENSE TE LEWE!            Amen        4/7/2010